Handleiding vir Groeigroepleiers

Februarie 2025

VOORWOORD

"Iemand sit in die skaduwee vandag omdat iemand anders 'n boom geplant het": Warren Buffet.

Die jaartema van 2025 roep ons nader aan die Woord van God om nader aan God self te leef. Dit vra van my om ligter te leef saam met God en deur God. Jesus se uitnodiging self was in Mat 11:28 "Kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is en Ek sal vir julle rus gee."

Soos die persoon wat bome geplant het, wil ons egter nie net self ligter leef nie, maar ook "bome plant" – met ander woorde, ander help om ligter te leef.

Die ideale ruimte hiervoor is in die Groeigroepe van ons gemeente.

Ons sien baie uit om hierdie jaar ligter saam met jou te leef, en elke las af te gooi wat ons maklik verstrik, met ons oog en hart gevestig op Jesus.
Sy juk is sag en Sy las is lig.

Dankie dat jy saam op reis is en dat jy help om 'n positiewe en opbouende verskil te maak deur wie is jy in die Here.

Alle eer aan die Here vir Sy leiding, raad, wysheid en ontferming.

Soli Deo Gloria.

Hartlike groete

David H.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD **2**

INHOUDSOPGAWE **3**

1 BEDOELING MET HIERDIE HANDLEIDING **5**

2 GROEIGROEPE BINNE DIE KONTEKS VAN NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI **5**

2.1 Kort geskiedkundige oorsig *5*

2.2 Samestelling van die gemeente *6*

2.3 Verandering *6*
2.3.1 Doelwitte 6
2.3.2 Bedienings 7
2.3.3 Eenheid en kampusse 7

2.4 Gemeentelike Visie, Missie, Waardes en Temas *7*
2.4.1 Visie 7
2.4.2 Missie 7
2.4.3 Waardes 7
2.4.4 Embleem 8

Elemente van die embleem *9*
2.4.5 Jaartemas vir die gemeente 9

2.5 Groepe *9*

2.6 Waarom "Groeigroepe" *9*

2.7 Die Gemeente se webtuiste *10*

3 OORSIG OOR GROEIGROEPE **10**

3.1 Doel van groeigroepe *10*

3.2 Boublokke *10*

4 VERLOOP VAN 'N GROEIGROEP BYEENKOMS **10**

4.1 Inleiding *10*

4.2 Tipiese verloop van 'n groeigroep byeenkoms *11*
4.2.1 Hoe word die "Welkom"-fase hanteer? 12
4.2.2 Wat is die "Waardig"-fase? 12
4.2.3 Wat is die "Woord"-fase? 13
4.2.4 Wat is die "Werke"-fase? 14
4.2.5 Wat is die "Voorbidding"-fase? 14

5 GROEIGROEPWAARDES **15**

5.1 Kleingroep kern waardes *15*

5.2 Verbintenis van groeigroeplede *15*
5.2.1 Onvoorwaardelike liefde 16
5.2.2 Algehele beskikbaarheid 16
5.2.3 Getroue aanbidding 16
5.2.4 Groter openheid 16
5.2.5 Absolute eerlikheid 16
5.2.6 Sensitiwiteit vir ander 16
5.2.7 Waaragtige vertroulikheid 16

5.2.8 Volkome beheer deur die Heilige Gees ... 16
5.2.9 Getroue bywoning ... 17

6 DIE GROEIGROEPLEIER SE ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE ... 17

6.1 Inleidend ... 17

6.2 Verantwoordelikhede van die groeigroepleier ... 17

6.3 Jy is 'n geroepene van God ... 18

6.4 Praktiese wenke ... 19

6.5 Geloofsekerheid ... 20
6.5.1 Inleiding ... 20
6.5.2 Hulpmiddels ... 20
6.5.3 Jou eie getuienis ... 20
6.5.4 Gemerkte Bybelverse ... 20
6.5.5 Ander hulpmiddels ... 20

6.6 Geestelike groei ... 20

6.7 Die eerste byeenkoms van 'n nuwe groeigroep ... 21

6.8 Voorbereiding vir 'n groeigroep byeenkoms ... 22
6.8.1 Groeigroepleier se voorbereiding ... 22
6.8.2 Groeigroeplede se voorbereiding ... 23

6.9 Fasilitering van 'n groeigroep byeenkoms ... 23
6.9.1 Tydens die byeenkoms (algemeen) ... 23
6.9.2 Werke/projekte ... 24
6.9.3 Voorbidding vir mekaar en ander ... 25

BYLAAG 1: MODEL GEBED ... 27

BYLAAG 2: GESINSVERKLARING ... 28

BYLAAG 3: APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS ... 29

BYLAAG 4: SEËNGROET ... 30

BYLAAG 5: VERBINTENIS AS GROEIGROEPLID ... 31

BYLAAG 6: VERBINTENIS AS GROEIGROEPLEIER ... 32

BYLAAG 7: GEMEENTE SE JAARTEMA ... 33

1 BEDOELING MET HIERDIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding is as hulpmiddel en riglyn vir groeigroepleiers en leiers van ander groepe in NG Gemeente Jeffreysbaai opgestel. Dit is redelik omvattend en sal van tyd tot tyd aangepas en uitgebrei word soos die behoefte/s geïdentifiseer mag word. Die inhoud is gegrond op bestaande beste praktyke binne Suid-Afrika en internasionaal, en is verwerk om te pas by ons gemeente se behoeftes en samestelling.

Ons besef dat groepleiers in die gemeente baie kennis en ervaring van die fasilitering van groepe het, beide in kerkverband asook sekulêr. Nogtans versoek ons jou as leier om rustig deur die handleiding te werk. Dit is verbasend hoe maklik ‘n mens in ‘n roetine mag verval en sekere aspekte van die fasilitering van groepbyeenkomste kan “vergeet”. Hierdie handleiding kan help om die leier weer daarop attent te maak en sy/haar benadering te verfris.

2 GROEIGROEPE BINNE DIE KONTEKS VAN NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI

2.1 Kort geskiedkundige oorsig

NG Gemeente Jeffreysbaai is in 1969 binne die ring van Humansdorp gestig. Dit was ‘n relatief klein gemeente wat ‘n relatief klein gemeenskap bedien het. Die eerste kerkterrein, wat bestaan uit ‘n kerkgebou, kerksaal en nutsruimtes, is geleë in Da Gama straat (amptelike adres is 6 Uys straat) en het vir lank goed in die gemeente se behoeftes voorsien.

In die 1980’s en veral die 1990’s het Jeffreysbaai dermate uitgebrei en gegroei dat die fasiliteite in Da Gama straat nie meer die gemeente se behoeftes kon bevredig nie. ‘n Kerk kompleks is dus te 1 Olienhout straat, Wavecrest, gebou wat o.a. ‘n ouditorium, bedienings lokale, lokale vir jeugbediening, kantore vir leraars en die Kerkkantoor huisves. Die gemeente het aangehou groei soos wat Jeffreysbaai uitgebrei het, veral met nuwe intrekkers wat hier kom aftree (het). ‘n Mate van afplatting in die getal lidmate het na 2000 gemanifesteer, maar die gemeente het weer goeie groei ervaar sedert die COVID-19 pandemie en inperkings in 2020. Heelparty jong mense het hulle binne die gemeente grense gevestig en werk sedertdien van die huis af.

In 1974 het NG Gemeente Humansdorp-Oos ‘n kerksaal in Johann Müller Boulevard, Paradysstrand, opgerig (Paradysstrand het destyds onder Humansdorp Buitestedelike Raad geressorteer en inwoners was lidmate van Humansdorp-Oos gemeente). Hierdie kerksaal is feitlik uitsluitlik net gedurende vakansie seisoene vir eredienste gebruik. Met die herstrukturering van Kouga Munisipaliteit in Desember 2000 is Paradysstrand by Jeffreysbaai ingelyf en het inwoners van Paradysstrand wat NG Kerklidmate was, lidmate van NG Gemeente Jeffreysbaai geword. Vir ‘n aantal jare is die saal steeds slegs per geleentheid (Kers- en Paasfees, Pinkster) vir dienste gebruik, maar as gevolg van verskeie ontwikkelinge word kerkdienste sedert 2013/4 weekliks in die Paradysstrand saal aangebied.

2.2 Samestelling van die gemeente

NG Gemeente Jeffreysbaai het gegroei met veral lidmate wat in Jeffreysbaai en omgewing kom aftree het, en steeds doen. Daar is egter ook ‘n baie gesonde getal jonger werkende lidmate met gesinne en skoolgaande kinders. Die gemeente het gegroei tot verby ‘n makro-grootte gemeente, na ‘n korporatiewe-grootte gemeente, maar met ‘n warm hart. Daai is tans[1] 4 227 belydende lidmate, 628 dooplidmate en 66 “ander” lidmate op die register.

Die aanwas van veral die ouer lidmate het daartoe aanleiding gegee dat die gemeente as baie heterogeen beskou kan word. Lidmate het elk ‘n persoonlike geskiedenis wat wissel van ‘n lewe in die platteland of op plase tot lidmate wat lewenslank in groot stede deurgebring het. Dieselfde geld vir die verskeidenheid groottes van gemeentes waarmee lidmate vertroud is naamlik van klein plattelandse gemeentes tot stedelike makro-gemeentes met ‘n gepaardgaande groot verskeidenheid bedieningsmodelle.

2.3 Verandering

Die Kerkraad en veral die latere Gemeenteraad van die gemeente het besef dat die bestaande bedieningsmodel ‘n aantal leemtes het wat ter wille van beter bediening van die lidmate en die gemeenskap se behoeftes en belange, aangespreek moet word. ‘n Baie lang periode van beredenering, beplanning en kleiner veranderinge het in 2021 ‘n intense periode van ondersoek en voorbereiding vir verandering ingelei. Drie fases is geïdentifiseer nl.

- Optimalisering onder leiding van Prof Deon Pretorius,
- Beroeping van ‘n Gemeente leier, en
- Gemeentebouproses onder leiding van Prof Malan Nel

Die Gemeentebouproses het in Mei 2021 afgeskop met ‘n 2-dag werkswinkel wat deur Prof Malan Nel gefasiliteer is. 111 lidmate het daaraan deelgeneem.

Tydens hierdie werkswinkel is geïdentifiseer dat NG Gemeente Jeffreysbaai ‘n sterwende gemeente is en sal doodloop tensy doelgerigte aksies beplan en suksesvol uitgevoer word. Deelnemers is getaak om vraelyste te voltooi en ook aan ander lidmate te gee om met voorstelle vir groei en verbeterde bediening in te vul. ‘n Taakspan is gestig om hierdie voorstelle te orden en tendense te identifiseer. Tydens ‘n spesiale Gemeenteraad vergadering van 12 Oktober 2021 is nuwe voorgestelde strukture goedgekeur en tydens ‘n Gemeenteraad vergadering op 25 Oktober 2021 is die implementering van veranderinge soos afgelei uit lidmate se terugvoer en deur die Taakspan saamgevat en wat die vinnigste voordeel sal gee, goedgekeur.

2.3.1 Doelwitte

Daar was vier doelwitte geïdentifiseer:

- Vestiging van struktuur en kommunikasie
- Erediens
- Koinonia
- Jeug

[1] Junie 2024

2.3.2 Bedienings

Ter ondersteuning van die bereiking van hierdie doelwitte, is vyf bedienings geïdentifiseer:

- Hulp en hoop
- Erediens
- Groepe
- Families
- Steundienste

2.3.3 Eenheid en kampusse

Die Gemeenteraad het ook besluit dat “die gemeente in sy breër konteks en alle leiers as ‘n eenheid sal werk volgens die missie. Die konsep van “ons” by Da Gama, “ons” by Paradysstrand en “ons” by die Kompleks moet transformeer na ‘n “ons as gemeente”- eenheid saam om groei te bewerkstellig. Die groot fokus van eenheid in wie ons is, hoe ons praat asook eenheid tussen die verskillende kampusse moet bewerk en stelselmatig geïmplementeer word”[2].

NG Gemeente Jeffreysbaai is dus as ‘n geïntegreerde gemeente met 3 kampusse wat gesinchroniseerd sal funksioneer, herdefinieer. Die bedieningspunte is:

- Da Gama Kampus,
- Kompleks Kampus, en
- Paradysstrand Kampus.

Dienstye by alle kampusse is dieselfde - 09:00 op Sondae, uitgesluit oor die Kersseisoen wanneer addisionele dienste geskeduleer word. Daarbenewens is daar geleentheid vir Kinderbediening vir die jonger kinders om 09:00 by Kompleks Kampus en JONK eredienste vir die jeug (ander is ook welkom) om 18:00 by Kompleks Kampus op Sondae tydens skooltermyne.

2.4 Gemeentelike Visie, Missie, Waardes en Temas

2.4.1 Visie

“God maak ons golwe van liefde en lig vir ‘n wêreld in nood”

2.4.2 Missie

“Verheerlik God as ligdraers, ons inspireer en versorg mekaar en die wêreld”

2.4.3 Waardes

- **Ons Bestudeer (leer, oefen, leef) God se Woord**

  "Ons kies om God se woord te bestudeer sodat ons menswees deur God gevorm kan word." Psalm 1

[2] Aangehaal vanuit die notule

- **Integriteit**

  Integriteit verwys na eerlikheid, opregtheid en goeie balans van 'n individu se handelinge, waardes en beginsels. Dit gaan oor die handhawing van 'n hoë moraliteit en etiese standaarde. Ons vertel die waarheid, selfs as dit moeilik is kies ons om in God se lig te wandel as getroue, betroubare en deursigtige mense.

- **In Voeling (Empatie)**

  Ons wil so invoeling wees met elke mens en die vermoë kweek om gevoelens, gedagtes en ervarings van ander mense te verstaan en om met hulle te kan meevoel. Ons wil hierdie belangrike emosionele vaardigheid wat die vermoë behels om in die skoene van ander te tree en hul perspektiewe te verstaan sonder oordeel uitleef.

- **Betokkenheid**

  Betrokkenheid is 'n kritiese faktor vir sukses, groei en welstand op individuele, gemeenskaps- en gemeentelike vlak. Dit skep 'n atmosfeer van toewyding, passie en samewerking wat die grondslag vorm vir produktiwiteit, innovasie en groei.

- **Groei (Vooruitgang)**

  Groei in 'n gemeente is 'n voortdurende proses wat aandag, toewyding en gebed vereis. Dit strek verby bloot getalle en fokus op die volhoubare geestelike, emosionele en sosiale welstand van die gemeenskap en elke lidmaat. Dus wil ons as gemeente aanhou bly groei vir die vooruitgang van die gemeente en God se koninkryk.

2.4.4 Embleem

Ons embleem verbeeld die gemeente se Visie:

Elemente van die embleem

- Blou dui op God se koninkryk
- Die geel is die lig vir die wêreld
- Die swart is die onbereiktes in die wêreld, swaarkry, pyn of nood
- Die persoon wat kniel – afhanklikheid van God
- Golf – ons is gestuurdes van God na die wêreld en beweeg soos golwe na die donker om lig te bring deur Jesus

2.4.5 Jaartemas vir die gemeente

Elke jaar se tema sluit ten nouste aan by die oorkoepelende tema wat sedert 2022 vir die gemeente geld, nl:

“Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word. Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kon, sal alles lewe.” Esegiël 47:8b-9

Jaartemas word in Bylaag 7 kortliks toegelig. Bylaag 7 word jaarliks bygewerk en tot hierdie handleiding toegevoeg.

Die derde kwartaal van elke jaar word vir die sg “40-dae reeks” gereserveer. Die verwagting is dat alle kleingroepe in die gemeente saam hierdie 40-dae reis sal ondergaan wat weekliks ten nouste by die erediens boodskap aansluit.

2.5 Groepe

NG Gemeente Jeffreysbaai was sedert sy bestaan ‘n gemeente met ‘n tipiese wyk stelsel, of te wel geografies-gebonde kleingroepe. Die gemeente het egter reeds sedert 2010 geleentheid geskep vir die vestiging van omgeegroepe wat nie soos wyke, geografies gebonde is nie. Dit impliseer dat die gemeente in effek ‘n gemeente ***met*** (omgee)kleingroepe geword het. In later jare is besluit om die terminologie “Kleingroepe” vir beide wyke en omgeegroepe te gebruik.

Gedurende oorweging van die veranderingsproses het die gemeente se Uitvoerende Span en die Gemeenteraad besef, besluit en goedgekeur dat kleingroepe in die gemeente van kardinale belang is om o.a. uitvoering aan die besluit om koinonia te bevorder, te gee. Na deeglike studie en bespreking is daar verder vroeg in 2022 besluit dat NG Gemeente Jeffreysbaai sal transformeer na ‘n gemeente ***van*** kleingroepe, dit wil sê primêre versorging van lidmate vind voortaan binne die konteks van kleingroepe plaas.

2.6 Waarom “Groeigroepe”

Gedurende November 2021 is ‘n deeglike studie van die boek: “Activate” van outeur Nelson Searcy gemaak. Baie nuttige insigte is verkry en na deeglike oorweging is besluit om tot ‘n groot mate die model soos in die boek vervat, met sekere aanpassings om die plaaslike behoeftes beter te dien, te implementeer.

Daar is vir kleingroepe in NG Gemeente Jeffreysbaai vier primêre doelwitte geïdentifiseer:

- Geestelike groei,
- Versorging van lidmate (“sharing and caring”),
- Koinonia, en
- Betrokkenheid by die gemeente en gemeenskap.

Hierdie doelwitte ondersteun die vier doelwitte van die gemeente soos bo aangeteken.

Om die verandering duidelik te onderskei van vorige inisiatiewe en in lyn met “Activate” se beginsels te bring, is besluit dat alle kleingroepe uitgesluit Belangegroepe en Bedienings, voortaan as “Groeigroepe” bekend sal staan.

2.7 Die Gemeente se webtuiste

Alle nodige inligting, insluitend materiaal vir Groeigroepe, skakels na direkte uitsending van eredienste (09:00 Sondae vanuit Kompleks Kampus), afkondiginge, spesiale aktiwiteite en geleenthede, en bank- en kontakbesonderhede kan op die gemeente se webtuiste gevind word:

https://ngkjeffreys.co.za

3 OORSIG OOR GROEIGROEPE

3.1 Doel van groeigroepe

Die doel van groeigroepe is om veilige ruimtes vir groei vir elke lidmaat van NG Jeffreysbaai te skep. Groeigroepe bied aan lidmate geleentheid vir geestelike groei en om medegelowiges te bedien en geestelik te versorg.

3.2 Boublokke

Dit is nodig dat elke leier hom-/haarself sal instel en oopstel vir die volgende:

- ***Afhanklikheid*** vir die werking van die Heilige Gees
- ***Gebrokenheid*** voor God
- ***Openheid***
- Dit gaan nie oor status nie, maar om ***in posisie*** te wees waar God jou kan gebruik om diensbaar aan mede-gelowiges te wees.

Daar moet nooit ongemak oor die benaming “groeigroepleier” ontstaan nie. Die aangewese persoon staan nie in ‘n posisie van mag of aansien nie, maar in ‘n dienaar posisie met die taak om groeigroep byeenkomste te fasiliteer.

4 VERLOOP VAN ‘N GROEIGROEP BYEENKOMS

4.1 Inleiding

Die verloop van enige kleingroep byeenkoms is nie iets wat bloot aan die toeval oorgelaat moet word nie. Selfs bedieningsgroepe behoort tydens hul byeenkomste meer as net nog ’n vergadering te hou of bloot die normale afhandel van bedienings take te vervul.

- Ons kom nie bymekaar slegs om ’n sosiale kuier geleentheid te hê nie – ons moet mekaar aanmoedig om geestelik te groei.
- Ons kom ook nie bymekaar om net Bybelstudie te doen nie – ons moet mekaar se laste dra én mekaar aanmoedig om Bybelse kennis in dade om te sit.
- Ons kom nie bloot bymekaar om ’n gebedsgroep te wees nie – ons wil mekaar ook prakties ondersteun en ons gawes uitleef.
- Ons kan nie net oor onsself en die ander lede van die groep besorg wees nie – ons moet ook uitreik na mense om ons en prakties betrokke raak om golwe van liefde en lig vir ‘n wêreld in nood te wees.
- Ons kan nie so taakgerig raak in ons bedienings of projekte dat ons van mekaar en van ons verhouding met God vergeet nie – ons moet altyd ons verhouding met God eerste stel en die onderlinge koinonia nie verwaarloos nie.

Om hierdie redes is die verloop van ’n groepsbyeenkoms iets wat die leier sorgvuldig moet bestuur. Hy/sy moet voortdurend in gedagte hou dat al hierdie elemente belangrik is, al gaan ons soms meer tyd, energie en fokus aan sekere elemente gee as aan ander.

Die belangrikste taak van die leier tydens die byeenkoms, is om ’n ontmoeting te fasiliteer tussen die groeplede en ons Hemelse Vader; tussen die mense en die Heilige Gees. Die leier doen nie al die praatwerk nie en het nie al die antwoorde nie.

4.2 Tipiese verloop van ‘n groeigroep byeenkoms

By NG Jeffreysbaai identifiseer ons die volgende 5 fases in die verloop van enige kleingroep byeenkoms:

FASE	AKTIWITEIT	MINUTE*
Welkom/Lief en Leed/ Mens-tot-mens fokus	Hoor hoe dit met mekaar gaan. Tyd om af te skakel van die dag se gebeure en rustig te word.	10 - 15
Waardig/Lofprysing en aanbidding/Mens-tot God fokus	Tyd om God te loof en prys en Sy naam groot te maak.	5 - 10
Woord/Wat sê die Skrif/ God-tot-mens fokus	Tyd om die woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. Vind as groep uit wat God vir julle sê. Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek.	20 - 25
Werke/Projekte /Mens-tot-medemens fokus	Praktiese dissipelskap – reik uit na die wêreld in nood. Hier speel onderlinge motivering van mekaar om bv. betrokke te wees/raak/bly by ‘n stuursel en om uit te reik na ander, ‘n belangrike rol. Bespreek hoe julle prakties n verskil kan maak.	5 - 10
Voorbidding/Mens-tot-God fokus	Dra mekaar en andere op aan God.	5 - 10

* Slegs ‘n riglyn. Pas aan na behoefte, byvoorbeeld as iemand spesiale onderskraging nodig het.

** Die tydsduur van elke fase sal met verloop van tyd soos wat die groeigroep langer bestaan, verander. ‘n Nuut-gevormde groeigroep sal tipies meer tyd aan

die Welkom fase spandeer sodat lede mekaar beter leer ken, terwyl ‘n ouer groeigroep weer meer tyd aan die Woord- en Werke fases sal spandeer.

Die groeigroep byeenkoms kan met gesellige verkeer oor eet- en drinkgoedjies afgesluit word, maar daar moet gesorg word dat dit nie die hoofrede vir die groep se byeenkoms word nie, en ook dat dit nie in ‘n “kompetisie” ontaard nie.

Groeigroep byeenkomste kan ook begin met gesellige verkeer oor eet- en drinkgoedjies waartydens die Welkom-fase gehanteer word, maar goeie tydbestuur is in hierdie geval van kardinale belang.

4.2.1 Hoe word die “Welkom”-fase hanteer?

Hierdie fase van die groeigroep byeenkoms is dikwels ook bekend as “Lief en Leed” en het ‘n mens-tot-mens fokus, d.w.s. groeigroeplede se aandag is op mekaar gerig.

Die volgende riglyne kan as basis gebruik word tydens die “Welkom”-fase van elke groeigroep:

- Maak seker dat jy ’n gepaste ysbreker vraag vir elke groeigroep byeenkoms kies wat die spesifieke doel van daardie sessie sal ondersteun.
- Heet almal welkom by die groeigroep byeenkoms.
- Doen moeite om nuwe lede welkom te heet en bekend te stel in die groep.
- Vra die ysbreker vraag.
- Gee geleentheid vir “Lief en Leed” – elkeen kry ’n kans om ’n getuienis te gee en blydskap, swaar of hartseer met die groep te deel.
- Verseker dat elke persoon ’n kans kry om deel te neem/die ysbreker vraag te beantwoord en moenie toelaat dat een persoon die proses oorheers nie, of iemand oorgeslaan word nie.
- Skep die gewenste stemming vir die sessie. Sorg dat potensiële “sharing” en “caring” oomblikke nie in grappies verlore raak nie. Sorg ook dat hierdie tyd nie deur klagtes oorheers word nie, veral nie deur een lid wat by elke geleentheid kerm en kla nie.
- Verseker dat daar by die beplande tyd gehou word.
- Mense moet hulle antwoorde met almal deel. Moenie die vloer domineer sodat almal net met die leier praat nie.

4.2.2 Wat is die “Waardig”-fase?

Hierdie fase van die groeigroep byeenkoms is dikwels ook bekend as “Lofprysing en Aanbidding” en het ‘n mens-tot-God fokus, d.w.s. groeigroeplede se aandag is op die verheerliking van God gerig.

Begin altyd die waardig-fase met gebed. ‘n Model gebed word slegs as voorbeeld in bylaag 1 gegee.

Hierdie fase word in twee gedeeltes verdeel, naamlik “lofprysing” en “aanbidding”.

4.2.2.1 Wat is lofprysing?

Lofprysing is gerig tot God, of soms kan dit jou gevoel teenoor God aan andere oordra. Dit is gewoonlik dinamies en vokaal. Gedurende lofprysing is mens besig met wie God is en wat Hy vir jou gedoen het. Dit is wenslik dat groeplede tydens hierdie fase saam sing, maar as alternatief kan hulle na geskikte geestelike musiek luister. Vra gerus ná elke lied of iemand iets besonders ervaar het om met die ander groeplede te deel.

4.2.2.2 Wat is aanbidding?

Aanbidding is 'n gesprek tussen God en mens. Dit beteken om "met die hart te voel" en word gebruik om die beste moontlike atmosfeer en omgewing vir aanbidding te skep. Dit bevorder ook die eenheid van die groep.

God is hier die meerdere en ek die mindere en dit is 'n gesprek wat gereeld tussen die Christen en God moet plaasvind. Dit beteken om dankie te sê vir wie God is en Hom te erken vir sy waardigheid en almag. Dit is die gevolg van gemeenskap met God en die liefde wat ons van hom ontvang.

Ons aanbid God as 'n kwalitatiewe bewys van ons liefde, respek en eerbied aan God deur die erkenning van sy soewereiniteit en heerskappy. Ons verheerlik God hierdeur met ons hele wese, liggaam en gees.

4.2.2.3 Gesinsverklaring en geloofsbelydenis

Die groeigroepleier kan dit oorweeg om van tyd tot tyd die gesinsverklaring soos getoon in bylaag 2, of die Apostoliese Geloofsbelydenis (bylaag 3) tydens die waardig-fase voor te lees/te laat lees. Alternatiewelik kan die groeplede dit saam hardop te sê.

4.2.3 Wat is die "Woord"-fase?

Hierdie fase is die tipiese "Bybelstudie" deel van die groeigroep byeenkoms en het 'n God-tot-mens fokus, dit wil sê groeigroeplede probeer onderskei wat God sê.

Hierdie fase neem plaas tussen God en mens en is gerig om mekaar te grond in en op te bou uit die Woord. Dit vorm die grootste deel van die groeigroep byeenkoms wat spontaan vloei uit die lof- en aanbiddingstyd.

Dit sentreer rondom die Woord en is die lerende deel van die byeenkoms.

4.2.3.1 Hoe vind die "Woord"-fase plaas?

Die groeigroepleier fasiliteer net (hy/sy preek nie) deur:

- 'n Voorbeeld te gebruik van haar/sy ervaring;
- Individue geleentheid te gee om terugvoer te gee;
- Terugvoer te gee oor die lede se terugvoer; en/of
- Te probeer om die kern van die teks en die bespreking op te som en oor te dra.

4.2.3.2 Hoe word die "Woord"-fase hanteer?

- Lees die teksvers(e) hardop of laat een of meer groeplede dit hardop lees.
- Gee elkeen kans om dit in stilte te lees en te sien wat hom/haar raak/opval.
- Gee elkeen geleentheid om in 1 minuut te sê wat hom/haar opgeval het, wat die Here vir hom/haar sê.
- Vra wat hierdie gedeelte vir die groep wil sê.

Geen geredekawel, bespiegeling of teologiese debat word daaroor gehou nie. As daar ('n) ernstige knelpunt/e ontstaan, onderneem die groeigroepleier om gedurende die week sy spanleier of, indien nodig, die tersaaklike mentor te raadpleeg en by die volgende byeenkoms terugvoer te gee.

4.2.4 Wat is die "Werke"-fase?

Hierdie fase het 'n mens-tot-medemens fokus, dit wil sê die rol en betrokkenheid van groeigroeplede in die gemeente en gemeenskap.

Die doel van hierdie fase is om te beweeg vanaf die Heilige Gees se werking na dié ervaring van die groeigroeplede. Gedurende die "Woord"-fase, beweeg ons dus na Christelike diensbaarheid op 'n praktiese manier in die lede se sosiale leef en werk omgewing.

Projekte kan deur 'n groeigroep, 'n bediening/e of individue uitgevoer word. Betrokkenheid by die gemeente se vyf Stuurselle is van kardinale belang, en kan op verskeie wyses vanaf aktiewe betrokkenheid deur ondersteuning en "bederf" van stuurselle se "personeel" tot gebedsondersteuning plaasvind.

Dit is baie belangrik dat die groeigroep se betrokkenheid by die gemeenskap die samestelling van die groep en die lewensfase van die lede in ag sal neem. Daar kan nie sonder meer van bejaardes of pare met jong kinders verwag word om aan 'n bou of verf projek deel te neem nie, maar diesulkes kan byvoorbeeld sop vir SOS kook, spesifiek intersessie doen, ens.

Hanteer hierdie opdragte-gedeelte van die tema en help elkeen om die Skrif-waarhede nou toe te pas en in die praktyk te gaan uitvoer.

Groepsprojekte bevorder samehorigheid asook die bediening van medegelowiges, onbetrokkenes, kerkloses en kerklosses en moet nooit afgeskeep of onderskat word nie.

Vra af en toe vir iemand om sy/haar getuienis te gee van wat die groeigroep vir hom/haar beteken of enige getuienis van 'n ervaring wat hy/sy met God gehad het. Identifiseer ook enige getuienis van die groeigroep of individue wat via die spanleier en mentor na die Leraar: Groepe teruggevoer kan word.

4.2.5 Wat is die "Voorbidding"-fase?

Hierdie fase het weer 'n mens-tot-God fokus, maar met die klem ook op die medemens.

Die voorbidding fase kom tot sy reg as daar vir elkeen se ***spesifieke*** behoefte/s gebid word. Hoor watter gebedsversoeke daar is en wie swaarkry of ondersteuning

nodig het. Bedien mekaar en bid vir mekaar se behoeftes. Bid ook vir die behoeftes van groeigroeplede en gemeentelede se families en vriende wat swaarkry. Maak tyd om ook vir ons land en selfs die wêreld se situasies wat aandag behoef, te bid.

Ef. 6:18 – Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

5 GROEIGROEPWAARDES

Alle organisasies en individue het ‘n eie, unieke stel waardes waaraan voldoen (moet) word. Dit geld ook vir ons gemeente asook elke groeigroep.

Groeigroepwaardes moet intiem gekoppel wees aan die Gemeente se visie en gee die konteks vir hoekom die 4 W’s (en/of enige ander elemente) bestaansreg het binne groeigroep byeenkomste.

Waardes is nie soseer ’n aktiewe eenheid of moment in die groep byeenkoms nie. Dit is eerder die rede vir die saamwees – die vertrekpunt en rigtingwysers vir waarom die groep byeenkom en waarheen die groep op reis is.

Dit is belangrik dat die leier deurentyd die aktiwiteite binne die program van die groeigroep evalueer om seker te maak dat dit bydra tot hierdie waardes en/of bou op hierdie punte as basis.

In NG Gemeente Jeffreysbaai word die volgende kernwaardes vir groeigroepe en ander kleingroepe as ideaal nagestreef:

5.1 Kleingroep kern waardes

- Die bou van ’n persoonlike ***liefdesverhouding*** tussen elke lidmaat en Jesus.
- ’n Leefwyse van ***gebed*** deur voortdurende gesprek met God.
- ***Omgee vir mekaar*** deur koinonia en mekaar met ’n onvoorwaardelike, Goddelike, ten-spyte-van-liefde, lief te hê.
- ’n Liefde vir die ***Woord*** van God deur bestudering en gehoorsame uitleef daarvan.
- Diensbaarheid teenoor mekaar en ’n openheid vir die influistering van die ***Heilige Gees*** en Sy gawes tot opbou van die gemeente van Christus.
- Om vir ander tot seën te wees deur die seën wat ontvang word, met die ***wêreld*** te deel.
- Om gehoorsame, groeiende ***dissipels*** deur mentorskap en interaksie te ontwikkel.
- Om God onbevange deur sang en musiek te ***loof en prys***.

5.2 Verbintenis van groeigroeplede

Terwille van die handhawing van goeie orde binne groeigroepe, word daar van groeigroeplede verwag om aan die volgende vereistes te voldoen:

5.2.1 Onvoorwaardelike liefde

Niks mag groeplede se liefde vir elke groeigroeplid skaad nie. Al stem ons nie altyd saam met ‘n ander se opinie of optrede nie, sal ons hom as persoon steeds bly liefhê. Al verskil ons, sal ons andere steeds aanvaar en plek gee vir God se liefde. Lede se liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie en poog om hulle in te trek en deel te maak van die geloofsgemeenskap.

5.2.2 Algehele beskikbaarheid

Elke lid stel hom-/haarself asook sy/haar tyd, energie, insig en gawes tot beskikking van die groep. Lede onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat dit bewys sal word deur hulle bereidwilligheid om op te offer en tyd te maak vir die groep.

5.2.3 Getroue aanbidding

Elke groeigroeplid onderneem om op ‘n gereelde basis vir die groeigroep en elke groeigroeplid te bid. Ons glo dat hierdie gebede verhoor word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

5.2.4 Groter openheid

Lede onderneem om daarna te streef om hul gevoelens, stryd, swaar en vreugdes met die groep te deel. Lede belowe ook om meer openlik te wees en die groep vertrou met probleme en ideale.

5.2.5 Absolute eerlikheid

Elke groeigroeplid onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Die waarheid sal in liefde gepraat word (Ef. 4:15), bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

5.2.6 Sensitiwiteit vir ander

Lede onderneem om na die beste van hul vermoë ingestel te wees op groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met sy ore te luister en met sy hart om te gee.

5.2.7 Waaragtige vertroulikheid

Groeigroeplede beloof om nie oor vertroulike dinge van die groep uit te praat nie en so te help om ‘n atmosfeer te skep waar openheid en sekuriteit heers.

5.2.8 Volkome beheer deur die Heilige Gees

Lede bevestig dat hulle graag in die groeigroep én in hierdie wêreld wil wees waar God ons bedoel het om te wees. Daarom wil ons onder beheer van die Heilige Gees lewe en onsself en God se gawes tot diens en seën van die groeplede stel.

5.2.9 Getroue bywoning

Groeplede onderneem verder om elke groeigroep byeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Verskoning sal betyds gemaak word indien ‘n byeenkoms in uitsonderlike gevalle nie bygewoon kan word nie.

Hierdie verbintenis is beskikbaar as bylaag 5 tot hierdie handleiding. Dit word van lede verwag om die vorm te onderteken en aan die groeigroepleier te oorhandig vir sy/haar rekordhouding. Die groeigroepleier moet egter hierdie aangeleentheid met omsigtigheid hanteer aangesien nie almal gemaklik mag wees om die vorm te onderteken en/of te oorhandig nie. Voorgaande vereistes moet egter nie onder die mat gevee word nie. Wees beide kreatief en sensitief.

6 DIE GROEIGROEPLEIER SE ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE

6.1 Inleidend

Van meet af aan moet die primêre rol van die groeigroepleier as die van fasiliteerder gedefinieer en uitgevoer word:

- fasiliteer die byeenkom van die groeigroep;
- fasiliteer die verloop van die groeigroep byeenkoms;
- fasiliteer deelname deur elke groeigroeplid;
- fasiliteer interaksie met mekaar; en
- fasiliteer ‘n ontmoeting met die Heilige Gees.

Dienende leierskap soos gedemonstreer deur Jesus is die sleutel tot sukses. Daarmee saam gaan liefde vir God en onvoorwaardelike liefde vir elke groeigroeplid.

Die leier hoef nie al die antwoorde te hê nie. Die groeplede se bydraes en interaksie sal gewoonlik die antwoorde op vrae oplewer. Indien nie, moet die groeigroepleier onderneem om die antwoord by sy/haar spanleier of, indien nodig, by die tersaaklike mentor te kry en by die volgende geleentheid terugvoering te gee.

6.2 Verantwoordelikhede van die groeigroepleier

As leier wat moet omsien na die geestelike en ander versorging van elke groeigroeplid wat aan hom/haar toevertrou word, vorm die groeigroepleier die kern van die leierskap in die gemeente.

Die leier se take en verantwoordelikhede kan die volgende aspekte dek:

- **Leiding** en rigting gee aan die groep.
- Die pas aangee en die groep **gefokus hou** op die doel.
- Verhoudinge **bou** en uitbou – lede moet die gevoel kry dat vir hulle omgegee word. Dit geskied o.a. deur gereelde kontak.
- **Gebed** in die groep aanwakker.
- **Konflik** hanteer.
- Geloof in praktiese **dade** omskep.

- Verantwoordelikheid, gehoorsaamheid en toewyding **modelleer**.
- As **visie draer** funksioneer.
- **Reël** die weeklikse groeigroep byeenkoms of sorg dat iemand anders die byeenkomste reël. Die leier hoef nie altyd self die les aan te bied nie, maar bly verantwoordelik daarvoor.
- Skep die klimaat binne die groep waarin maksimum **groei** bewerkstellig kan word.
- Verseker dat elke groeigroeplid sy/haar plek en **taak** binne die groep vind en sy/haar bediening begin uitleef.
- Sien toe dat elke persoon geestelik en andersins **versorg** word deur bv. huis- en/of hospitaalbesoek te doen indien die situasie dit vereis.
- Bevorder ‘n gees van **openheid** en liefde waarin lede met vrymoedigheid hulle gevoelens, stryd, probleme en laste met mekaar kan deel. Deur sy/haar eie voorbeeld van deursigtigheid, sal die leier so ‘n gees bevorder.
- Sien toe dat al die **gegewens** van sy / haar groep korrek op die administratiewe kantoor/Registerhouer se databasis verskyn.

Nota: Hierdie is ‘n baie omvattende lys van moontlike take en verantwoordelikhede. Daar word nie van groeigroepleiers verwag om deurlopend met alle items op die lys besig te wees nie – die fasilitering van groeigroep byeenkomste en bou van gesonde verhoudings tussen groeigroeplede is die groeigroepleier se primêre verantwoordelikheid.

Vir hierdie doel word ‘n “Groeigroep Verbintenis vorm” in bylaag 6 getoon wat deur elke groeigroepleier onderteken en aan sy/haar spanleier oorhandig word.

6.3 Jy is ‘n geroepene van God

Dit is belangrik dat groeigroepleiers die volgende kernwaarhede in gedagte sal hou:

- God se guns rus op jou:
    - God het jou uitgekies en vertroue in jou geplaas, omdat Hy weet dat jy die taak as groeigroepleier kan vervul. Hy wat jou gemaak het, wil jou deur sy Gees toerus om hierdie belangrike taak in sy Koninkryk te vervul.
    - Hy het jou gemaak, jou gered en geroep met 'n doel en 'n plan om 'n leier te wees wat ander Christene geestelik gaan help.
    - God het jou uitgekies, bekwaam gemaak en aan jou die gawe van leierskap gegee. Hy sal jou ook toerus met al die ander gawes wat nodig is om hierdie taak en roeping suksesvol te vervul.
- Jou verlede mag jou nie terughou nie:
    - Almal van ons het in ons verlede foute gemaak en teleurgestel. Die Here wil egter nie langer dat hierdie dinge in ons verlede ons terughou en keer om effektiewe leiers in sy diens te wees nie. Hy het aan die kruis van Golgota gesterf vir ons sonde, ons foute, teleurstellings en ook vir die onreg wat oor ons lewe gekom het. Daarom mag ons nie langer omkyk agtertoe en bly terugdink aan ons foute en teleurstellings nie.

  - Vervang die leuen met die waarheid. Satan is die leuenaar (Joh. 8:44). Hy sal met allerhande skewe persepsies vir ons probeer vasbind aan ons verlede en ons geestelik oneffektief maak. Die waarheid is dat ons onsself moet sien as 'n leier in wie God vertroue het en vir wie God waardig geag het.
  - Ons moet stry teen allerhande negatiewe gedagtes wat ons wil wysmaak dat ons nie in staat is om 'n leier te wees en ander mense te help nie.
- God het 'n visie vir jou as leier:
  - Begin sien wat God vir jou lewe en jou toekoms beplan het. Sien hoedat jy mense se lewens begin aanraak en verander.
  - 'n Leier is iemand wat ander mense beïnvloed. God se plan is om jou te gebruik om ander tot geestelike groei, diensbaarheid en getuienis te lei.
  - Glo dat dit God se plan is dat jy vir jou groep tot groot seën gaan wees en sien reeds die visie van hoe mense opgewonde is oor die groeigroep, omdat hulle dit geniet en dit vir hulle 'n opbouende belewenis is.
- Uit jouself kan jy nie 'n goeie leier wees nie:
  - Ons moet nooit uit ons eie krag probeer om mense se lewens te verander nie. Ons is slegs instrumente vir God. Hierdie werk moet deur die Heilige Gees gedoen word.
  - As leier moet ons ook verwag dat daar teenkanting en probleme sal kom. Ons moet egter nie daardeur ontmoedig raak nie, maar weet dat dit ons net meer afhanklik van God moet maak. Paulus skrywe dat hy weet dat wanneer hy swak is, dan is hy sterk (2 Kor. 12:10).
- Die Heilige Gees sal jou toerus en jou vul met God se gawes sodat jy die werk sal kan doen waarvoor God jou geroep het. Jy is tot alles in staat deur Christus (Fil. 4: 13).

6.4 Praktiese wenke

- Begin betyds en sluit betyds af.
- Tydsduur: 1:30 – 2:00 uur.
- Afwisseling is stimulerend – verander ‘n byeenkoms bv. in ‘n vasvra-geleentheid of vervang bv. een groeigroep byeenkoms per kwartaal met ‘n uitstappie, ete of iets interessant.
- Versprei verantwoordelikhede na aanleiding van die gawes in die groep – moenie alles self probeer doen nie.
- Deelname deur elke groeplid is die sleutelwoord.
- Moenie bang wees vir stilte nie.
- Vermy dit om jou eie vrae te antwoord – herformuleer eerder die vraag.
- Moedig meer as een antwoord op dieselfde vraag aan.
- Laat mense weet dat jy hulle insette en insigte waardeer.
- Vermy dat van die onderwerp afgedwaal word.

- Probeer om antwoorde nie summier te verwerp nie – vra eerder hoe die persoon by die antwoord uitkom of vra wat die groep daarvan dink.

6.5 Geloofsekerheid

6.5.1 Inleiding

As leier van ’n groeigroep is dit van uiterste belang dat ons nie net self geloofsekerheid sal hê nie, maar ook die vermoë sal hê om nuwe groeplede te begelei in ’n gesprek oor geloofsekerheid indien nodig. Verder moet ons groeplede kan aanmoedig om nie net getuies in die daaglikse lewe te wees nie, maar om toegerus en gereed te wees om met iemand ’n gesprek oor geloofsekerheid te kan voer.

6.5.2 Hulpmiddels

6.5.3 Jou eie getuienis

Dit is belangrik om te onthou dat ons nie moet probeer om mense te “oortuig” nie, maar bloot moet “getuig” van ons wandel met die Here en sy invloed op ons lewe. Skryf kortliks jou eie kort getuienis neer: (Hoe was jou lewe? – Wat het gebeur? – Hoe is jou lewe nou?) Insigte wat deur “What’s your Story”, wat die tema vir die tweede kwartaal van 2024 was, verkry is, kan hier met groot nut aangewend word.

6.5.4 Gemerkte Bybelverse

Onderstreep die volgende Skrifgedeeltes in jou Bybel en skryf deurgaans die volgende vers as verwysing langs die huidige vers. Ons begin by die mees bekende verse om te memoriseer:

- Joh. 3:16
- Jes. 59:1-2
- Jes. 53:5-6
- Joh. 1:12
- Op. 3:20

6.5.5 Ander hulpmiddels

Daar bestaan ‘n verskeidenheid hulpmiddels vir die lewer van ‘n getuienis aan ‘n verskeidenheid tipes hoorders. Doen navraag by die kerkkantoor as sulke hulpmiddels benodig word.

6.6 Geestelike groei

Om geestelik te groei moet ek

- my Bybel elke dag bestudeer (1 Pet 2:2);
- getrou bid (1 Tess 5:17);
- getuig oor wat die Here vir my gedoen het (Mat 10:32-33);
- inskakel by geestelike byeenkomste en 'n groeigroep (Heb. 10:25);
- breek met alle sonde, (2 Tim 2:21), die wêreld (Jak 4:4), die Satan (Jak 4:7) en verkeerde vriendskappe (2 Kor. 6:14-17); en

- my geestelike lewe nie bou op gevoel nie, maar vashou aan God se beloftes (Heb. 3:14, 11:6)

Elkeen van ons het ’n spesifieke geestelike lewensiklus en so ook die lede in ons groep.

As leier van die groeigroep is dit my taak om alles te doen wat ek kan sodat die lede van die groep kan groei tot geestelike volwassenheid en verder maksimaal kan ontwikkel tot dié persoon wat God bedoel het dat hulle moet wees.

Leiers moet bedag wees daarop dat die verskillende groeplede op verskillende vlakke van geestelike groei kan wees.

Daar is ’n logiese vloei van die een vlak na die volgende[3]:

- Daar is lidmate (en nie-lidmate) in die kerk en in die groeigroep wat dalk godsdienstig is, maar eintlik soekend is omdat hul nog nie geloofsekerheid het nie.
- Uiteindelik word hulle gehelp om ’n keuse vir Christus te maak waarna hul na die volgende stap beweeg om geestelik te wil groei. Daarom is hul begerig om nou nie langer wedergebore babas te bly nie, maar te groei na volwassenheid in Christus. Hulle sal meer kerklik betrokke raak en tyd maak vir gebed en Bybelstudie en probeer om te verander deur weg te vlug van die sonde.
- Hierna kom daar ’n fase waar hierdie jong Christen al meer afhanklik van Christus word vir elke dag se besluite en keuses. Hulle wil elke dag oral waar hul gaan, bewus wees van die Here en met Hom praat.
- Die vierde fase word betree as Christus regtig die belangrikste in jou lewe word en jy bereid is om alles vir Hom op te offer en te doen wat Hy vra. Jou hele lewe, jou tyd, jou prioriteite en jou geldsake is alles onder Sy beheer. Hulle getuig spontaan en hulle wil dien en uiteindelik het hulle ’n bediening waar hul aktief vir die Here werk.

6.7 Die eerste byeenkoms van ‘n nuwe groeigroep

Die vestiging van ‘n nuwe groeigroep is uiters belangrik en hang tot ‘n groot mate van die groeigroepleier af. Die eerste byeenkoms het ‘n bepalende impak op die nuwe groeigroeplede se ervaring van en toekomstige betrokkenheid by byeenkomste en aktiwiteite van die groeigroep hê.

‘n Paar voorgestelde wenke:

- Maak kontak met nuwe groeplede en reël vir ‘n informele kennis-maak geleentheid.
- Lig groeplede in oor die verloop van toekomstige groeigroep byeenkomste.
- Stel groeplede op hulle gemak met betrekking tot vertroulikheid, gebed ens. (gebruik die “verbintenis van groeigroeplede” soos getoon in paragraaf 5.2).
- Probeer indirek bepaal wie ongemaklik mag wees met Bybel-lees of hardop bid sodat hulle nie in die groep in die verleentheid gestel word nie.

[3] Lees gerus “Maximum Faith” van George Barna (ISBN 978-1-77036-975-7)

- Tref praktiese reëlings met betrekking tot die plek, tyd en tydsduur van toekomstige byeenkomste.
- Spreek enige praktiese probleme aan wat tydens die gesprek mag opduik.
- Finaliseer reëlings vir die eerste groep byeenkoms.

Indien (‘n) nuwe lid/lede later by ‘n bestaande groeigroep aansluit, moet sommige van die aksies hierbo aangedui, herhaal word.

6.8 Voorbereiding vir ‘n groeigroep byeenkoms

Deeglike voorbereiding in afhanklikheid van die Gees deur beide die groeigroepleier en die groeigroeplede is van deurslaggewende belang in die doelmatigheid van groeigroepe.

6.8.1 Groeigroepleier se voorbereiding

Voorbereiding vir elke groeigroep byeenkoms mag nooit afgeskeep word nie.

6.8.1.1 Geestelike voorbereiding

- Maak tyd, sonder jouself af en kom in God se teenwoordigheid. Dit is nie genoeg om vir ’n halfuur voor die byeenkoms gou vir die aand se verrigtinge te bid en deur die materiaal te lees nie.
- Word stil en fokus op wie God is.
- Bring aan Hom lof vir wie Hy is (ten spyte van jou omstandighede, nie vir wat Hy doen nie).
- Verklaar jou liefde aan, en afhanklikheid van Hom.
- Vra die Here om jou te wys wat regtig in jou hart is en vir die werking van sy Gees in jou.
- Word stil en raak bewus van wie jy is én wie jy nie is nie. Vra Hom om jou bewus te maak van jou sonde en enigiets wat skeiding maak tussen Hom en jou.
- Bid vir elke lid in die groeigroep by name.
- Bid vir die byeenkoms en vra dat die Here duidelik sal wys wat Hy met die byeenkoms wil bereik.

6.8.1.2 Les voorbereiding

Die volgende is ’n paar gedagtes om jou aan die dink te sit – daar is nog baie wat hier bygevoeg kan word. Bly ’n lewenslange student en wees altyd gereed om nog te leer, ook by ander leiers.

- Gaan volledig deur die inhoud en tema riglyne, om seker te maak dat jy nie “verras” gaan word deur die les nie.
- Lees wyer om die konteks van ’n vers(e) te verstaan. Gebruik bv. ander vertalings, Die Bybel in Praktyk, kommentare en selfs jou verklarende woordeboek of Google.
- Neem af en toe ’n loflied of twee en weef die hele les in die lied/of liedere in.
- Tydens jou geestelike voorbereiding sal God aan jou die klem/fokus vir die byeenkoms openbaar – dalk hanteer jy slegs een van die vrae/Bybelstudie gedeeltes om sy doel te bereik met die lede van die groep.
- Dink kreatief om voorbeelde en aktiwiteite te gebruik wat die inhoud beter sal omskryf en vir die lede in die groep meer “lewendig” sal maak.

6.8.2 Groeigroeplede se voorbereiding

Om te verseker dat die groep byeenkoms ‘n interaktiewe gespreksgeleentheid word, moet groeplede vooraf voorsien word met die teksgedeeltes asook enige les materiaal wat tydens die byeenkoms van toepassing sal wees. Groeigroeplede moet aangemoedig word om ook goed voor te berei vir elke groeigroep byeenkoms.

6.9 Fasilitering van ‘n groeigroep byeenkoms

Die groeigroepleier is verantwoordelik om die groeigroep byeenkoms te fasiliteer, glad te laat verloop en fokus te behou. Hierdie taak kan egter van tyd tot tyd aan ander lede wat toegerus is en belangstel om dit te doen, per geleentheid gedelegeer word.

6.9.1 Tydens die byeenkoms (algemeen)

- Handhaaf ‘n gesonde balans tussen die onderskeie elemente van die byeenkoms sonder om die tydsbeperkings slaafs na te volg. Sou ‘n sekere situasie dit noodsaak om meer tyd toe te laat vir een van die elemente moet die groepleier dit toelaat. Dit kan bv. voorkom weens ‘n traumatiese gebeurtenis waar baie individuele aandag, voorbidding en onderskraging dit noodsaak. In so ‘n geval kan van die elemente se tydsduur verkort of selfs uitgestel word.
- Groeigroepe moet gereeld bedag gemaak word op die doelstellings van ‘n groeigroep met die klem op ***God eerste, geestelike groei van elke groeplid*** en die ***opbou van groepverhoudinge***. Laat bv. een van die groeplede paragraaf 4.1 of die eerste deel van paragraaf 4.2 “Tipiese verloop van ‘n groeigroep byeenkoms” hardop voorlees net om die geheues te verfris.
- Na mate die groeigroepleier sy groeplede leer ken moet hy/sy, sonder om dit opvallend te doen, waar nodig begin konsentreer op individuele lede bv. die wat baie stil is en geensins deelneem nie of diesulkes wat ‘n probleem het om hardop te bid.
- ‘n Onbetrokke lid se opinie kan bv. gevra word op ‘n besprekingspunt. Verdere bespreking van die lid se antwoord kan die lid selfvertroue gee en laat voel dat hy/sy bydrae waarde toevoeg.
- Die kwessie van hardop bid al dan nie moet met omsigtigheid hanteer word. Die rede daarvoor is gewoonlik nie die gebed op sigself nie maar dat ‘n persoon bang is dat hy/sy sal hakkel en stotter of “verkeerd” sal bid. Gewoonlik is dit ‘n gebrek aan selfvertroue wat opgelos kan word deur ‘n vooraf gesprek deur die groepleier met die groeplid en bv. ‘n voorstel dat die persoon ‘n geskrewe gebed (uit die Bybel, uit ‘n boek of wat vooraf self opgeskryf word) wat die persoon dan hardop voorlees. So word die probleem met selfvertroue stelselmatig opgelos.
- Gee besondere aandag aan die lief- en leed-element. In gevalle waar hartseer en/of trauma betrokke is, moet dit nie net bly by kennisname van die geval nie maar moet daar oor daadwerklike ondersteunings/onderskragings-aksies deur die groep besin word. Waar nodig, moet dit met die betrokke lid/lede se toestemming, aan die betrokke spanleier, mentor of leraar aan diens gerapporteer word.
- Lofprysing is ‘n baie belangrike element van die byeenkoms. Sommige groepe ondervind geen probleme om as groep God op dié wyse te loof en

prys nie. Sangbundels is geredelik beskikbaar om groepe se samesang te bevorder. ‘n CD met geskikte musiek en gedrukte lirieke is by die Kerkkantoor beskikbaar. Vir daardie groepe wat die samesang problematies vind, kan van beskikbare video/cd opnames gebruik gemaak word. Ondervinding het geleer dat groeplede tydens die speel van die opnames, spontaan begin saamsing.

- ‘n Gepaste gebed (gemik op die tema) is ewe belangrik vir die groep se ingesteldheid voordat die Woord bespreek word. Sou die groeigroepleier hierdie taak aan een van die groeplede wou delegeer, sal dit aangewese wees om die betrokkene voor die byeenkoms so te versoek.
- Moet nie noodwendig punt vir punt die les doen nie. Nie alle besprekingspunte is vir alle groeigroepe ewe belangrik of interessant nie.
- Vir diegene wat tydens byeenkomste gewoond was aan die bediening van die woord by wyse van eenrigting kommunikasie (‘n mini-preek), kan die groepbesprekings model vreemd en selfs onaanvaarbaar of bedreigend wees. Sodra die waarde ingesink het van die groepbespreking en die geestelike groei wat dit tot gevolg kan hê, sal groeplede meer geredelik deelneem. Dit is belangrik dat:
    - Groeplede die skrifgedeeltes vooraf lees en interpreteer.
    - Notas maak van moontlike onduidelikhede.
    - Die skrifgedeelte voor die bespreking gelees word (dit kan gedoen word deur die lees deur elkeen self, of deur ‘n aangewese groeplid, of indien dit ‘n lang skrifgedeelte is, kan elke groeplid ‘n versie lees).
    - Gee groeplede kans om kortliks sy/haar vertolking van die skrifgedeelte te gee.
    - Gee groeplede kans om vrae wat mag ontstaan, te bespreek en opinies te lug. Waak teen uitgerekte besprekings wat op ernstige meningsverskille kan uitloop. Indien nodig kan die groeigroepleier opklarend /opsommend reageer.
    - Ingeval daar onsekerheid voorkom oor ‘n vraag wat gevra is, moet die groeigroepleier nie ‘n antwoord probeer fabriseer nie. Belowe om uit te vind en maak dan ‘n punt daarvan om die vraag tydens die volgende byeenkoms te antwoord of deur ‘n kundige te laat beantwoord.
    - Die groeigroepleier moet voortdurend waak om nie die byeenkoms te oorheers nie. Delegeer sekere take soos die byhou van ‘n naamlys met groeplede se kontakbesonderhede, die byhou van spesiale geleenthede soos verjaarsdae, huweliksherdenkings ens. en te sorg dat die nodige erkenning aan die betrokke groeplede gegee word tydens lief en leed.

6.9.2 Werke/projekte

Dit is baie belangrik dat groeigroepe op een of ander manier wat by die portuur en samestelling van die groep pas, by die breër gemeente en -aktiwiteite asook die gemeenskap betrokke raak. Ondersteuning van en betrokkenheid by die gemeente se vyf Stuurselle wat betrokke is in Jeffreysbaai, Transkei, Mosambiek, Indië en wêreldwyd word ten sterkste aanbeveel.

- ‘n Groeigroep funksioneer eers effektief volgens al die elemente, wanneer praktiese dissipelskap (mens-tot-medemens fokus) deel van die groep se funksionering gemaak is.
- Verskeie faktore, soos ouderdom, mobiliteit, belangstellings, speel ‘n rol m.b.t.. die tipe projek wat aangepak word.
- Met die bostaande inaggenome
    - laat die groeplede ‘n lys maak van projekte waarby hulle kan of wil inskakel,
    - skakel met die kerkkantoor om vas te stel watter behoeftes daar binne die gemeente bestaan waarby die groep kan inskakel, en/of
    - skakel met die kerkkantoor om vas te stel watter behoeftes daar binne die gemeenskap bestaan waarby die gemeente betrokke is en waarby die groep kan inskakel.
- Reik ook uit na buite-organisasies, gemeentes en gemeenskappe om vas te stel waar daar nood bestaan of betrokkenheid benodig word. Dusdanige behoeftes moet egter eers met die spanleier en dalk verder, uitgeklaar word alvorens enige beloftes gemaak word.
- Pak dan die projek aan. Sommige kan eenmalig wees terwyl andere volhoubaar kan wees.
- Ruim tydens elke byeenkoms tyd in om kortliks terugvoer te gee oor die vordering/resultaat van die projek.

‘n Lys van diens geleenthede (projekte, bedienings en aksies) binne NG Gemeente Jeffreysbaai kan by die Kerkkantoor bekom word.

6.9.3 Voorbidding vir mekaar en ander

Groeplede het die behoefte om te weet dat daar iemand is wat vir hom/haar bid. Almal het ongelukkig nie die selfvertroue of openhartigheid om hul behoeftes aan die groter groeigroep bekend te maak nie.

Daar is verskeie maniere hoe die probleem aangespreek kan word, byvoorbeeld:

- Moedig groeplede aan om onderling versoeke vir gebed deur te gee aan ‘n ander lid/lede (vir die wat dit nie in die groot groep gehanteer wil hê nie);
- Deel afskeurstrokies uit voor afsluiting van die byeenkoms waarop lede hul versoeke vir gebed kan neerskryf. Versprei dan die strokies onder die res van die groep met die versoek dat elkeen in sy/haar eie tyd op die groeplid se gebedsversoek reageer.
- Alternatief, indien “anonimiteit” gehandhaaf wil/moet word, kan die strokies in die middel van die groep op ‘n tafel of die vloer geplaas word en kan die groepleier en/of ander lede in die algemeen bid dat die Here, wat weet wat op die strokies staan, uitkoms sal gee.
- Wys lede/egpare aan om vir ‘n ander lid/egpaar gedurende die week te bid. Die persoon/-one vir wie gebid word, gee hulle gebedsversoeke net aan die aangewysde bidder/s deur. Wissel elke week af wie vir wie moet bid.

Bid tydens afsluiting vir die groep in geheel asook vir spesiale aangeleenthede wat in gemeentelike, die kerk (Suid Afrika en wêreldwyd) in die algemeen, gemeenskap sake, lands- of wêreld belang mag wees.

Dit is belangrik dat iemand in die groeigroep ‘n gebedsjoernaal byhou en gebedsversoeke opteken. Gaan van tyd tot tyd die historiese gebedsversoeke

na, en notuleer gebedsversoeke wat beantwoord is. Gee aan God die eer en dank vir gebedsverhoring.

BYLAAG 1: MODEL GEBED

Gebed ter voorbereiding

Ons bid om ons voor te berei om God drie-enig te loof en te aanbid:

Ons Vader, ons kom op hierdie oomblik na U in die naam van ons Verlosser Jesus Christus –

Om saam met die engele om U troon U te aanbid. Ons kies om nou net op U te fokus – op U heerlikheid, U grootheid, U alomteenwoordigheid. Ons wil saam met die hele aarde en al die hemel wesens U bewonder en ons krone voor U troon kom neersit.

Ons wil U aanbid vir wie U is – die enigste lewende God wat deur die Heilige Gees in ons lewe is en al meer sigbaar wil word in ons elke dag se lewe.

Ons kom bely alles wat op hierdie oomblik veroorsaak dat daar skeiding en verhoudings geraas is tussen ons en U en tussen ons en ander mense (stilte)… Here vergewe ons in die naam van Jesus Christus.

Here, wys ons hoe om U in gees en waarheid te aanbid. Ons is sprakeloos in U teenwoordigheid. Kom o Gees van God wat in U kinders woon, en wys ons meer van die Seun. Kom verander ons en maak ons meer soos Jesus. Ontvang Here ons woorde en musiek en ons hele menswees as lof offers om U groot te maak in ons saamwees. Ons verwagting is van U alleen.

Amen

BYLAAG 2: GESINSVERKLARING

Gesinsverklaring

Ons begin ons saam wees deur die Gesinsverklaring saam te bely:

- Ons Here is hier by en in ons!
- Hy is ons Vader wat ons met Sy hele hart liefhet en ons is Sy kinders.
- Saam vorm ons ‘n geestelike familie, wat die hele week liefde teenoor mekaar uitleef.
- Hier by ons samekoms word ons eenheid met mekaar en met Jesus Christus sigbaar.
- Ons doel is:
    - om Hom te loof en aanbid;
    - om mekaar onselfsugtig te dien;
    - om mekaar te help om al meer soos Christus te word;
    - en om in gehoorsaamheid aan Hom Sy beeld verder uit te dra

  sodat ander Hom ook as Vader kan leer ken.

BYLAAG 3: APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

(Soos gebruik in die NG Kerk)

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel, en die aarde,
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die
regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe
en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike Kerk,
die gemeenskap van die Heiliges;
die Vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en ‘n ewige lewe.
Amen.

BYLAAG 4: SEËNGROET

Ons groet en seën mekaar voor ons uiteengaan, en almal sê saam AMEN.

The Lord bless you and keep you;

The Lord make his face shine upon you and be gracious to you;

the Lord turn his face toward you and give you peace. (Numbers 6:24-26)

Of

Mag die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle/jou/ons wees en bly! Amen.

Of

“Die Here sal julle seën en julle beskerm;

Die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.” (Num 6:24-26)

Of

“Stort U seën oor my (ons) uit, vergroot my (ons) grondgebied, neem my (ons) onder U beskerming en weerhou onheil van my (ons) sodat geen smart my (ons) tref nie.” (Gebed van Jabes; 1Kron 4:10)

Of

May the road rise up to meet you.

May the wind be always at your back.

May the sun shine warm upon your face;

the rains fall soft upon your fields and until we meet again,

may God hold you in the palm of His hand. (Traditional Irish blessing)

Of

Die Here is voor jou om jou pad gelyk te maak.

Die Here is langs jou om jou in Sy arms toe te vou.

Die Here is onder jou om jou te dra wanneer jy val.

Die Here is rondom jou om jou te beskerm.

Die Here is bokant jou om jou te seën.

Die Here is in jou om jou na sy wil te lei.

BYLAAG 5: VERBINTENIS AS GROEIGROEPLID

Onvoorwaardelike liefde

Ek onderneem dat ek niks sal toelaat om my liefde vir elke groeigroeplid te skaad nie. Al stem ek nie altyd saam met ‘n ander se opinie of optrede nie, sal ek hom as persoon steeds bly liefhê. Al verskil ons, sal ek andere steeds aanvaar en plek gee vir God se liefde. My liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie en poog om hulle in te trek en deel te maak van die geloofsgemeenskap.

Algehele beskikbaarheid

Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die groep. Ek onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat ek dit sal bewys deur my bereidwilligheid om op te offer en tyd te maak vir die groep.

Getroue aanbidding

Soos die liefdevolle Vader dit graag wil hê, onderneem ek om op ‘n gereelde basis vir die groeigroep en elke groeigroeplid te bid. Ek glo dat hierdie gebede verhoor word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

Groter openheid

Ek belowe om daarna te streef om my gevoelens, my stryd, my swaar en my vreugdes met die groep te deel. Ek sal meer openlik wees en die groep vertrou met my probleme en my ideale.

Absolute eerlikheid

Ek onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Ek sal die waarheid in liefde praat (Ef. 4:15), bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

Sensitiwiteit vir ander

Ek onderneem om na die beste van my vermoë ingestel te wees op groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met sy ore te luister en met sy hart om te gee.

Waaragtige vertroulikheid

Ek beloof om nie oor vertroulike dinge van die groep uit te praat nie en so te help om ‘n atmosfeer te skep waar openheid en sekuriteit heers.

Volkome beheer deur die Heilige Gees

Ek wil graag in die groeigroep en in hierdie wêreld wees waar God my bedoel het om te wees. Daarom wil ek onder beheer van die Heilige Gees lewe en myself en God se gawes tot diens en seën van die groeplede stel.

Getroue bywoning

Ek onderneem om elke groeigroep byeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Ek sal betyds verskoning maak indien ek dit in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

…….. ……

Handtekening Datum

BYLAAG 6: VERBINTENIS AS GROEIGROEPLEIER

Baie dankie dat jy bereid is om as Groeigroepleier by NG Gemeente Jeffreysbaai te dien. As sulks sal jy deur jou groeplede as ‘n leier binne ons gemeente beskou word. Daarom vra ons dat jy ‘n verbintenis met jou spanleier en ander groeigroepleiers aangaan soos hieronder verwoord:

1. Ek sal die visie, missie en waardes van NG Gemeente Jeffreysbaai uitleef en sal die leiding wat die leierskap van die gemeente gee, navolg.
2. Ek sal die gemeente se eredienste (of direkte uitsendings) op Sondae bywoon en
   - My groeplede bewustelik identifiseer en groet;
   - My offergawes gereeld bydra; en
   - Saam met my groep gereeld bystand by eredienste en ander kerk aktiwiteite, na behoefte, verleen.
3. Ek sal my groeigroep ‘n prioriteit in my lewe maak deur:
   - Getrou groeigroep byeenkomste by te woon;
   - Goed vooraf voor te berei vir elke groeigroep byeenkoms; en
   - Mense te nooi om by die groeigroep aan te sluit en hulle te verwelkom.
4. Ek verstaan dat ek verantwoordelik is vir die versorging van my groeigroep. Derhalwe sal ek:
   - Getrou bid vir lede van my groeigroep;
   - Na behoefte opvolg met elke lid van my groeigroep; en
   - ‘n Voorbeeld van versorging van mekaar vir my groeigroeplede wees.
5. Ek sal daarna streef om ‘n omgewing en kultuur van geestelike groei in my groeigroep te skep deur:
   - Soveel groeplede as moontlik by besprekings te betrek;
   - ‘n Veilige, gemaklike en verwelkomende omgewing te skep; en
   - Groeigroep byeenkomste op tyd te laat begin en eindig.

…… ……

Handtekening Datum

BYLAAG 7: GEMEENTE SE JAARTEMA

Die gemeente se jaartema vir 2025 is:

"WEES LIG/LEEF LIG"

Die jaartema vir 2025 sluit ten nouste aan by die oorkoepelende tema wat sedert 2022 vir die gemeente geld, nl:

"Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word. Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kon, sal alles lewe." Esegiël 47:8b-9

Vanjaar se tema behels verskeie aspekte van lig – om lig te wees en om lig te leef. Die kernteks vir die jaar is Matt 11:28-30:

- Afrikaans 83: [28]Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en ek sal julle rus gee. [29]Neem my juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. [30]My juk is sag en my las is lig.
- The Message: [28-30]"Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me – watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you will learn to live freely and lightly."

"Lig" kan die teenoorgestelde beteken as:

- Duisternis, donker; en
- Swaar (beswaard), moeilik.

Ons tema vir die jaar gaan beide aanspreek, beide intern- en eksterngerig.